**24 SEPTEMBER** **Skrifgedeelte: Lukas 1:5-25**

**Fokusgedeelte: Lukas 1:8-17**

**God luister na ons gebede !**

Dit voel dikwels vir ons asof ons gebede teen die plafon vasslaan en God nie luister na ons geroep nie. Dink jy regtig dat daar tye is wat die Here nie luister na die opregtes se gebede nie? So het dit vir die volk Israel gelyk.

Vir 400 jaar bid hulle al by die tempel, bring hulle hulle offers onophoudelik. Die Here het laas met hulle by die tempel gepraat in die tyd van Maleagi. Maar so lank swyg Hy al ! Selfs die diensdoenende priester Sagaria, het eers gebid vir ‘n kind, maar nou is hy al ‘n ou man. Waarskynlik het hy maar opgegee om nog te vra. Al beteken Sagaria se naam ook: die Here onthou, weet hulle nie meer of die Here nog daar is nie. En dan staan die engel daar… presies op tyd, die tyd van die wierookoffer – die uur van die gebedsoffer ! God het onthou – die volk en Sagaria se gebede !

En jy sê nog dat God nie hoor nie ? Die pad na God se hart is vir jou oopgebreek deur Jesus Christus se kruisoffer. Jy sê nog God hoor nie – maar Jesus is jou Voorspraak en pleit in die hemel vir jou gebede ! (1Joh.2:1) Jy sê nog God hoor nie – maar die Gees woon nou in jou en laat jou roep “Abba, Vader !” (Rom.8:15) God is nou nét ‘n sug ver, ‘n gebed ver. En, Hy wag op jou gebed…

*Sing: Psalm 38: 8,17* *DsTheuns Potgieter (Bloemfontein-Noord)*